Saterdag **27 Januarie**

**Skrifgedeelte: Esegiël 37:15-28**

**Fokusgedeelte: Esegiël 37:19**

**God se volk is een**

God se volk het geskeur in die tyd van koning Rehabeam: Israel in die noorde en Juda in die suide. In Esegiël se tyd lyk dit nog meer onmoontlik om een te word as gevolg van ballingskap: Israel in Assirië en Juda in Babilonië. Maar Hy sê hulle sal een word. Hy gee aan Esegiël 'n opdrag om twee stukke hout bymekaar te maak en die name van Israel en Juda daarop te skrywe en om dit een stuk hout te laat word as simboliek van hulle eenwording.

Die Here sê ook wanneer dit gaan gebeur. Wanneer die Koning gaan kom en op die troon van Dawid gaan sit en heers. Dit beteken dat die Messias dit vervul het toe Hy aan die kruis gesterf het, opgestaan het uit die dood, opgevaar het na die hemel en gaan sit het aan die regterhand van die Vader. Hy heers nou as ewige koning oor die wêreld en in die besonder oor sy kerk (1 Kor. 15:52). Hy het sy onderdane uitgestuur om dissipels te maak van al die nasies. Sy volk is een gemaak, die middelmuur van skeiding is afgebreek en almal wat ver was en wat naby is, is een gemaak (Ef. 2:13,14).

Dit lyk soms of die kerk verdeeld en geskeur en verbrokkel is. Daarom gee Hy ons die opdrag om hierdie eenheid in Hom te bewaar deur uit dankbaarheid alles te onderhou wat Hy ons beveel het (Matt. 28:19). Ons Here Jesus Christus het 'n duur prys betaal om ons een kudde in Hom te maak sodat Hy een Herder oor ons sal wees. Bewaar hierdie eenheid deur sy gebooie te gehoorsaam!

*Sing: Psalm 2-1:2, 4*

*Ds. G (Gerhard) Janse van Rensburg (Durban-Noord)*